

Hidrosfeer

November 2018


1.10 Die sfeer waarin minerale gevind word, staan as ... bekend.

- A atmosfeer
- B biosfeer
- C litosfeer
- D stratosfeer

(2)

VRAAG 10 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Die diagram hieronder toon hoe die hidrosfeer met die biosfeer verbind is. Bestudeer die diagram en beantwoord die vrae wat volg.



10.1 Onderskei tussen die *hidrosfeer* en *biosfeer*.

(2)

10.2 Skryf neer die naam van proses:

10.2.1 **A**

(1)

10.2.2 **B**

(1)

10.2.3 **C**

(1)

10.3 Beskryf die energieveranderinge gedurende proses **A** en **B**. Skryf slegs ENERGIE GEWEN of ENERGIE VERLOOR neer.

(2)

10.4 Beskryf die interaksie tussen die hidrosfeer en plante.

(4)

[11]

Hidrosfeer

November 2017


1.10 Al die grond op Aarde staan as die ... bekend.

- A atmosfeer
- B biosfeer
- C litosfeer
- D hidrosfeer

(2)

VRAAG 9 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Bestudeer die watersiklus hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



9.1 Die watersiklus bestaan uit baie prosesse.

Identifiseer die volgende prosesse:

9.1.1 A (1)

9.1.2 B (1)

9.1.3 E (1)

9.2 Word energie tydens kondensasie GEABSORBEER of VRYGESTEL? Gee 'n rede vir die antwoord. (2)

9.3 Gee EEN rede waarom daar na waterdamp as 'n belangrike kweekhuisgas verwys word. (2)

9.4 Die hoeveelheid reënval het onlangs oor groot gebiede van Suid-Afrika aansienlik verminder. Verskillende redes word gegee om die droogte te verduidelik.

Noem EEN moontlike strategie wat 'n gemeenskap kan volg om te verseker dat hulle 'n vaste/deurloperde voorraad water het.

(2)
[9]

Hidrosfeer


November 2016

1.10 Die hidrosfeer word die beste beskryf as ...

- A die rotslaag wat bo die aarde se mantel gevind word.
- B die warm vloeibare rots wat in die aarde se buitekern voorkom.
- C die baie digte rotslaag wat in die aarde se binnekern voorkom.
- D al die water onder, bo en bo-op die oppervlak van die aarde.

(2)

10.3 Die diagram hieronder verteenwoordig komponente van die globale stelsel.



Watter EEN van die simbole verteenwoordig die:

10.3.1 Atmosfeer

(1)

10.3.2 Biosfeer

(1)

10.3.3 Litosfeer

(1)

10.4 Noem die DRIE hoofprosesse betrokke by die oordrag van water van een deel van die watersiklus na die volgende.

(3)

10.5 Beskryf EEN manier waarop die vraag na water tans bevredig word.

(2)

[14]

Hidrosfeer

November 2015


1.1 In watter EEN van die volgende globale stelsels word alle lewende organismes aangetref?

- A Biosfeer
- B Litosfeer
- C Atmosfeer
- D Hidrosfeer

(2)

VRAAG 10 (Begin op 'n nuwe bladsy.)

Die watersiklus in die diagram hieronder verbind die hidrosfeer met die ander globale stelsels. Die letter P, Q, R en S dui sommige van die prosesse aan wat in die watersiklus plaasvind.



10.1 Verduidelik kortliks die term *hidrosfeer*.

(1)

10.2 Noem die prosesse gemerk:

10.2.1 P

(1)

10.2.2 Q

(1)

10.2.3 R

(1)

10.2.4 S

(1)

10.3 Skryf EEN voordeel van proses R neer.

(1)

10.4 Die bou van damme het verskeie voordele vir mense en die omgewing. Noem TWEE van hierdie voordele.

(2)

[8]

1.10 C ✓✓

(2)

QUESTION 10/VRAAG 10

10.1 Hydrosphere: includes all water of the earth found as liquid water ✓
Hidrosfeer: sluit alle water van die aarde in wat as vloeibare water gevind word
Biosphere: includes all the living organisms. ✓*Biosfeer: sluit alle lewende organismes in*

(2)

10.2.1 (A) Transpiration ✓*Transpirasie*

10.2.2 (B) Condensation ✓*Kondensasie*

10.2.3 (C) Precipitation ✓*Presipitasie*

(3)

10.3 (A) Energy gained ✓*Energie gewen*

(B) Energy lost. ✓*Energie verloor*

(2)

10.4 Roots of plants absorb water from the ground. ✓*Plantwortels absorbeer water uit die grond.*

Plants release the water to the atmosphere by transpiration. ✓*Plante stel water deur transpirasie aan die atmosfeer vry.*

The water condenses to form clouds. ✓*Die water kondenseer om wolke te vorm.*

Then water falls back to the ground by precipitation. ✓*Water val dan terug grond toe deur presipitasie.*

(4)

[11]

QUESTION 9/VRAAG 9

9.1.1 Condensation ✓/Kondensasie ✓

(1)

9.1.2 Precipitation ✓/Presipitasie ✓

(1)

9.1.3 Transpiration ✓/Transpirasie ✓

(1)

9.2 Released✓, energy is released to the surrounding/cooling takes place/particles moves closer together. ✓

Vrygestel✓, energie is vrygestel na die omgewing toe/afkoeling vind plaas/deeltjies beweeg nader aan mekaar. ✓

(2)

9.3 Water absorbs the infrared energy from the sun and re-emits it therefore regulating the climate. ✓✓

Water absorber die infrarooi energie van die son en stel dit weer vry om klimaat te reguleer. ✓✓

(2)

9.4 Drilling of boreholes/Building of dams✓✓

Boorgate te sink/Damme te bou ✓✓

Accept/Aanvaar: Any applicable answer/ *Enige toepaslike antwoord word aanvaar.*

(2)

[9]

Hidrosfeer Memo

November 2016

1.10	D ✓✓		(2)
10.3	10.3.1	C ✓	(1)
	10.3.2	D ✓	(1)
	10.3.3	A ✓	(1)
10.4	Precipitation ✓/Presipitasie (neerslag) Evaporation ✓/Verdamping Condensation ✓/Kondensasie		(3)
10.5	Building dams that store drinking water and water for household needs or agriculture. Boreholes are used to tap ground water for use. Any applicable answer. ✓✓ <i>Bou damme vir drinkwater en huishoudelike gebruik of landbou. Boorgate word gebruik om grondwater te gebruik. Enige aanvaarbare antwoord. ✓✓</i>		(2)
			[14]

Hidrosfeer Memo

November 2015

1.1 A ✓✓ (2)

QUESTION 10/VRAAG 10

10.1 All the water of the earth./Al die water van die aarde ✓ (1)

10.2

10.2.1 Evaporation/Verdamping ✓ (1)

10.2.2 Condensation/Kondensasie ✓ (1)

10.2.3 Infiltration/percolation ✓
Infiltrering/Infiltrasie/perkolasie (1)

10.2.4 Rain fall/Precipitation ✓
Reënval/Presipitasie/Neerslag (1)

10.3 Increase in ground water levels./Toename in grondwater vlakke. ✓ (1)

10.4 ANY TWO/ENIGE TWEE:
Storage of water ✓/recreation areas ✓/job creation/irrigation of crops/
attraction of bird life/source of food
Stoor van water/ontspanningsareas/werkskepping/besproeiing van gewasse/
aantrekking van voëllewe/bron van voedsel (2)
[8]